

10 Mei

Job. 1-2: 10; 4: 1-11

(Teks: 1:8,9,12; 4:7, 8)

### ***Wie is skuldig wanneer 'n gelowige ly?***

Net soos die drie vriende van Job, het baie mense die neiging om 'n sonde agter elke stukkie lyding of beproewing te soek. As iemand dus - soos Job - op die ashoop beland, dan word gevra: "Wat sou hy gesondig het om so 'n straf te verdien?" In ons teksgedeelte uit Job 4 sien u ook hoe die vriende vir Job aanmoedig om sy sonde te bely; want, sê hulle: "het iemand ooit onskuldig te gronde gegaan?"

Hoe het hierdie vriende tog op tragiese wyse gefaal in hulle poging om Job in sy ellende by te staan! Want kyk net wat is die werklike rede vir sy teëspoede: nie sy sonde nie, maar juis sy vroomheid! God is nie besig om Job te kasty oor een of ander misdaad nie. Inteendeel: Job staan daar in die strydperk tussen God en Satan omdat God hom liefhet en 'n mosie van volle vertroue in hom gestel het. Dit gaan nie in hierdie geskiedenis om 'n stryd tussen God en Job nie. Dit is selfs nie ten diepste 'n stryd tussen Satan en Job nie. Ons moet raaksien dat dit hier eintlik gaan om 'n stryd tussen God en Satan! Satan het Job by God gaan beskinder toe hy beweer het dat Job die Here net gedien het omdat Hy so goed was vir hom. Daarom laat God toe dat Job binne bepaalde perke beproef word... omdat Hy Hom in die liefde en trou van Job wil eer. Job kry dus 'n geleentheid om onder bitter moeilike omstandighede te bewys dat hy God liefgehad en aanbid het - nie net omdat Hy hom met rykdom oorlaai het nie, maar omdat Hy Gód is en as sodanig aanbiddenswaardig is! Job kry 'n unieke geleentheid om vir die Koninkryk van Lig 'n oorwinning te boekstaaf oor die koninkryk van die duisternis.

Hierdie kosbare stukkie Godsopenbaring plaas u eie lyding en verlies in 'n nuwe lig. Moenie altyd 'n sonde daaragter soek nie - so asof die Here voortdurend besig is om in gelyke munt terug te betaal nie. Nee: Sy toorn oor ú sondes het Hy reeds oor sy Seun uitgestort. Bly dus getrou in moeilike tye. Ook ú lyde is straks 'n Goddelike mosie van vertroue en 'n kosbare geleentheid om vir God 'n oorwinning te boekstaaf.

Sing Psalm 86:6

Ds. J J. Cloete (Koster)